**Sondag 19 Julie**
**Skrifgedeelte: 1 Samuel 2:27-36 (Kerkorde artikels 71 en 80)**
**Fokusgedeelte: 1 Samuel 2:29, 30**
**Die heiligheid van ons HERE laat nie toe dat kinders se minagting van die HERE deur hulle ouers verskoon word nie**

Eli en sy seuns se sonde het hulleself eerloos gemaak by die Here en by sy kerk (vs 17). Eli moes na regte sy eie seuns geskors en afgesit het uit die heilige priesteramp. Só moes hy die aanstoot wat sy seuns veroorsaak het in die gemeente van die HERE verwyder het, maar hy het nie. Eli se seuns se optrede kon nie maar reggestel word met 'n vermaning nie (vs 22-25).

In die oorspronklike staan letterlik dat Eli se seuns, seuns van Belial was. Die woord Belial in die Bybel kom 'n hele paar keer voor, en dit word telkens verstaan as "slegte mense" (vgl. ook 2 Kor. 6:15). Belial(r) is 'n buite-Bybelse benaming vir die afgod van die onderwêreld. Dit het onder die Jode 'n benaming vir Satan en die antichris geword, soos ook Beëlsebul (Matt. 12:24).

Eli se seuns was dus inderwaarheid kinders van die duiwel. Deugniete. Seuns wat nie met die HERE gereken het nie. Nie in 'n lewende verhouding met die HERE van hulle pa Eli geleef het nie (AFR53, 1 Sam. 2:12)! Kan jy jou indink dat twee kinders van die duiwel priesters was in die huis van die HERE! Wat 'n chaotiese toestand!

Eli het sy seuns belangriker geag as die HERE! Deur hulle nie af te sit uit die heilige priesteramp nie, het hy sy seuns meer geëer as vir God. Hy het die kanker gelos in plaas daarvan om dit uit te sny, en toe moes die HERE kom en dit self uitsny. Eli het geweet dit is waarop alles afstuur (vs 25).

Hy en sy seuns het met hulle gedrag soos vetgevoerde stiere agtertoe opgeskop in 'n rodeo in Texas en dit in die huis van die HERE (vs 29: "Waarom verag julle …"; vgl. Deut 32:15, AFR53). Let op dat die HERE sê "julle" – dit wil sê hy en sy seuns (vs 29). Die deler is so goed as die steler (2:12-17).

Die HERE het nie toegelaat dat sulke ontroue dienaars die skaduwee van sy eie Seun se ewige Hoëpriesterskap verduister nie (2:35). Deur God self gegee en aangestel is Jesus, God se eie Seun, ons enigste, barmhartige en getroue Hoëpriester (Heb. 2:17; 3:2; HK Sondag 12; NGB artikel 26). Hy is getrou oor ons, sy huis. Hy ag 'n hart vol ootmoed en berou nie gering (verag, AFR53) nie! Hy het ons verlos uit alle heerskappy van die duiwel. God is getrou van geslag tot geslag. Hy verlos ons om ons kinders lief te hê en met siddering te bely: "Hy wat sy seun of dogter liewer het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie" (Matt. 10:37). Deur Hom verhoor God ons gebede vir ons kinders en kindskinders: dat sy genade oor hulle sal regeer en nie ons sondes nie (Rom. 6:14).

*Sing: Psalm 99-1:1-5*
*Ds. JH (Hans) Grobler (Emeritus)*